Darum spreche ich gerne davon, dass es nicht eine Frage der bedingungslosen Liebe ist, die uns verbindet, sondern, dass wir die Wertschätzung des anderen nie aufgeben und nicht verletzen sollten.

In der Phase des Verliebtseins ist es die Erotik, die uns zusammenbringt und zusammenhält. Aber die Liebe bleibt nicht von allein lebendig, sie muss immer neu erarbeitet werden. Ja, Liebe ist Arbeit. Manchmal Schwerstarbeit.

Doch dann helfen auch die Worte aus dem Hohen Lied als Richtschnur. Je mehr wir uns kennen, desto mehr geht es darum, auch mit den Schwächen des anderen umgehen zu können. Ja, „die Liebe erträgt alles, glaubt alles, hofft alles, duldet alles“. Aber die Respektlosigkeit ist der Todesstoß der Liebe und dann kann ich nicht mehr alles ertragen und muss es auch nicht. Und auch da gibt es Grenzen, oder? Wenn der Partner meint, seine Frau wie eine Sklavin

behandeln zu können? Wenn beide es mit der Treue zueinander nicht ernst nehmen? Wenn man voreinander den Respekt verloren hat. Wenn die Beziehung mehr Lebenskraft entzieht als Lebenslust, dann ist eine Liebe erkaltet. Eine Trennung ist dann dem Leben angemessener, als an der Beziehung festzuhalten. Wer an der Liebe gescheitert ist, soll nicht noch moralisch fertig gemacht werden. Die Betroffenen leiden doch schon genug darunter. Und wenn ich am Ende dann doch das Hohe Lied der Liebe anstimme, dann tue ich es, weil trotz allem Scheitern an und in der Liebe der Satz wahr bleibt: Nun aber bleiben Glaube, Hoffnung, Liebe. Die Liebe aber ist die Größte unter ihnen. **Gottes Liebe und das Geschenk der Liebe zwischen Menschen**.

Was ist in Kroondal los?

- Wir sind wieder sehr dankbar, dass Pastor Emeritus **Reinhard Keding** bei uns war und uns betreut hat! Wir verabschieden uns von ihm am Freitag, dem 11. April, um 18 Uhr am Ententeich mit Bring&Share; für Stühle wird gesorgt. Sein letzer Gottesdienst ist am 13. April 2025.
- Der **Osterverkauf** findet am 12. April ab 9 Uhr in Altkroondal statt. Spenden wie Gebäck, Butterkuchen und Brot sollen bitte ab 8 Uhr abgegeben werden. Kommt und kauft ein und genießt ein Tässchen Kaffe oder Tee und ein Stück Kuchen, hier trifft man sich und plaudert…
- Nach der Andacht auf dem Friedhof gibt es herrlichen Filterkaffee und Tee zum *Bring&Share* **Osterfrühstück**. Nicht Geschirr und Besteck vergessen!
- Bitte unterstützt die Schüler an ihrem **Unternehmertag** am 10. Mai.
- Am gleichen Wochenende findet in Hermannsburg, KZN, das große **Sängerfest der NELCSA** statt, mit Festgottesdienst am 11. Mai. Wir wünschen allen ein gesegnetes, musikalisches Fest!
- Zum Schluss dürfen wir wieder fröhlich beim **Schlachten** helfen: Am 31. Mai sind die Schweine und am 7. Juni die Rinder dran.






Hierdie begeesterde groepie Maties studente is deel van die Stellenbosch Universiteitskoor o.l.v. Andrè van der Merwe en is kliphard besig om voor te berei vir die *European Choir Games & Grand Prix of Nations* in Aarhus Denemarke vanaf 28 Junie tot 6 Julie 2025. Die Universiteitskoor beklee sedert Oktober 2012 tot en met August 2024 die top posisie vir amateur kore in die wêreld volgens die "Interkultur Foundation" se wêreld rangorde sisteem. Ons wens hulle alle sterkte toe en ons weet om daardie posisie te behou, verg ure se harde werk, mag julle daarvoor beloon word. Ons is bewus van verskeie koorlede wat nog onseker is van befondsing en omdat die toerkoste na Denemarke werklik hoog is, is borge hartlik welkom om 'n bydrae te maak tot die toerfonds. Kontak gerus Hes Hill (0824539866) vir verdere inligting.

Lieber Onkel Herbert! *Februar 2025*

<u>Abschied von einem geliebten Vorsänger</u>



Vor 61 Jahren fingst du an,
die Organisten zu unterstützen als
Vorsänger-Mann.
Damals, nur 18 Jahre alt warst du,
die Zeit jedoch verflog im Nu . . .

3 125 Wochen warst du im Dienst,
die Ruhezeit du jetzt verdienst.
Viele Treppen bist du zur Orgel gestiegen,
musstest manch' hohe und tiefe Töne besiegen.

Auch bei Beerdigungen durftest du singen
und den Trauernden damit den nötigen Trost bringen;
307 Beerdigungen waren's an der Zahl:
Du verpasstest hiervon nur 5-Mal.

Von Herzen danken wir dir nun,
deine Stimme darfst du jetzt öfter ausruh'n.
Deine Treue, Ruhe und Unterstützung wir schätzten zu allen Zeiten.
Unser großes „Dankeschön" soll dich für immer begleiten!

Hoe gelukkig is jy?
In hierdie jaar se uitgawe van die “World Happiness Report 2025” word gefokus op die impak van omgee en mededeelsaamheid op ’n mens se geluk. Soos in Shakespeare se *Merchant of Venice* se weerspieëling van genade, is om vir iemand om te gee "tweemaal geseënd" - dit seën diegene wat gee en diegene wat dit ontvang.

Daar is ’n oorvloed van bewyse oor die omvang van omgee gedrag regoor die wêreld.
In die *Gallup World Poll* word mense gevra of hulle:

- in die afgelope maand geld aan liefdadigheid gegee het, of dit vrywillig was, en of hulle
- 'n vreemdeling gehelp het.
- Hulle is ook in 2019 gevra of hulle dink ander mense sou hulle help deur hul verlore beursie terug te gee.

Eerstens is mense veel te pessimisties oor die welwillendheid van ander. Bv. toe beursies deur navorsers in die straat laat val is, was die verhouding van beursies wat teruggebring is baie hoër as wat mense verwag het. Dit is nogal bemoedigend

Tweedens hang ons welstand af van ons persepsies van ander se welwillendheid, sowel as hul werklike welwillendheid. Aangesien ons die vriendelikheid van ander onderskat, kan ons welstand heelwat verbeter word deur inligting te ontvang oor mense se ware welwillendheid.

Derdens, wanneer die samelewing meer welwillend is, is die mense wat die meeste baat diegene wat die minste gelukkig is. As gevolg hiervan is geluk meer gelyk versprei in lande met hoër vlakke van verwagte welwillendheid.

Laastens het welwillendheid tydens COVID-19 in elke streek van die wêreld toegeneem. Mense het meer hulp nodig gehad en ander het daarop reageer. Hierdie 'welwillendheidsbult' is sedertdien volgehou. Ten spyte van 'n daling van 2023 tot 2024, is dade van welwillendheid steeds ongeveer 10% bo hul vlakke voor die pandemie.

Welwillendheid bring ook voordele vir diegene wat omgee en deel. Dit werk die beste:

- as die motivering is om ander te help (eerder as om goed te voel),
- as die daad vrywillig is, en

- as dit 'n duidelike positiewe impak op die ontvanger het.

Daar is baie maniere waarop ons vir mekaar sorg en deel. Miskien is die mees universele voorbeeld die deel van maaltye. Om alleen te eet is nie goed vir ons welstand nie. Mense wat gereeld saam met ander eet, is baie gelukkiger. Die toenemende aantal mense wat alleen eet, is een rede vir dalende welstand in die Verenigde State, wat tans op die ranglys posisie #24 beklee, die laagste tot dusver vir Amerika.

'n Ander belangrike vorm van omgee en deel is lewe binne 'n gesin. Latyns-Amerikaanse samelewings, gekenmerk deur groter huishoudelike groottes en sterk familiebande, bied waardevolle lesse vir ander samelewings. Opmerklik is mense wat alleen woon baie minder gelukkig as mense wat saam met ander woon. Tendense na verhoogde eensaamheid is die duidelikste onder jong mense. In 2023 het 19% van jong volwassenes regoor die wêreld gerapporteer dat hulle niemand het waarop hulle kan staatmaak vir sosiale ondersteuning nie, 'n 39% toename sedert 2006. Maar soos ons gesê het, onderskat hulle dikwels die welwillendheid van ander mense. Na 'n kragtige ingryping het studente aan Stanford Universiteit baie gelukkiger geword toe hulle bewyse van die vriendelikheid van hul eweknieë gegee is.

Die teenoorgestelde van geluk is wanhoop. Wanhoop wat kan lei tot dood deur selfmoord of substansmisbruik – ook bekend as 'sterftes van wanhoop'. Sterftes van wanhoop is aansienlik laer in lande wanneer mense meer vrywillig skenkings maak en vreemdelinge help. Die mate van welwillendheid in 'n land het ook 'n groot impak op sy politiek. Mense wat ander vertrou, neig na links, diegene wat nie vertrou nie, neig na regs."

Opsommende verslag vertaal en verkort deur Marilee Meyer
https://worldhappiness.report/ed/2025/executive-summary/

Waar laat dit ons hier in Kroondal?
Ons moet aanhou saamkuier en opdaag vir elke geleentheid om saam te werk, te aanbid en om om te gee en te deel uit vrye wil.

Laastens, kan ons mekaar enige dag die voordeel van die twyfel gee, al verloor ons ons "beursies", ons moed, ons geduld, ons vertroue, kan ons maar weet, dit gaan terugkom, die welwillendheid is daar. Ons gaan gelukkiger wees as ons dit verwag.
Marilee Meyer



Bibliothekstee am 2. März 2025






Durch Gottes Gnade sind wir gerettet! Epheser 2:8









My lieflingsgesang: “Dankie” – Gesang 334

Lieblingslied

Hierdie gesang vergesel my al van kindsbeen af en was ook my pappa se gunsteling lied. As ek hierdie lied sing of hoor, oorweldig trane van dankbaarheid, heimwee en mooi herinneringe my. Elke Sondag voor ons kerk toe gaan, het hierdie lied op ons plaasstoep gespeel, destyds nog op ’n langspeelplaat van Lance James in Afrikaans.

In Kroondal het die digterlike verse en woorde in ons gesangeboek vir my nog voller betekenis gekry. Elke goeie môre en nuwe dag maak my dankbaar. Vir goeie mense vriende en familie gee ek om... selfs klein gelukkies, maar ook teleurstellings, diepe hartseer en swaar afskeid leer my lesse van dankbaarheid. Vir alle lewenslesse en elke goeie woord, raad en bystand bring ek dank... Dankie vir God se leidende hand, maar ook troos in lyding, veral soms op ’n moedelose pad.

Ek is so dankbaar om God se woord te verstaan, maar ook die nabyheid en teenwoordigheid van die Heilige Gees elke dag te ervaar.


Dankbaar vir genesing, wonderwerke en kinders aan by geleen. ’n Innige dankbaarheid, dat al is ek verdwaal, God my steeds kom haal. Sy onvoorwaardelike liefde, selfs met die kruis betaal, maak my met nederigheid dankbaar.

Dankie Vader dat ek kan dankie sê en in ’n dankbare verhouding met U en my naaste kan leef.

“Ich will dir danken... dass ich danken kann”

Santa Wenhold





MIDMAR 2025 – DRA MEKAAR SE LASTE

Karl-Otto en Conrad Marais, Jordan Casson, Marianne Muhl, Andrew, Hes en Lisa Hill en ek het op 8 Februarie 2025 die dom(?) ding gedoen om die Midmar Myl te swem. Dit was my eerste Midmar, maar ek het al voorheen in damme en die see aan Lewensreddings-kompetisies deelgeneem, so ek het geweet dit kan rof raak! Ek het al hoe meer benoud begin voel tydens die 50km rit vanaf die gastehuis na die dam, veral omdat dit bewolk en reënerig was en die wind gewaai het. Ek het toe al in my geestesoog gesien hoe waai die wind my tot in Pietermaritzburg en swem ek 80 myl in plaas van 1 myl (1,6km). Ek het al gehoor hoe die wind op 'n goeie dag 'n mens kan laat voel of jy in 'n stormagtige oseaan swem in plaas van 'n dam. In my jongdae toe ek fiks was, was dit alreeds 'n uitdaging om 'n oopwaterswem te doen, en ek het hierdie keer vooraf maar net met 'n rek in ons klein swembadjie geoefen en geen damswemme gedoen nie. Om alleen te swem in 'n helder swembad met kalm water is heeltemal 'n ander storie as om in 'n dam te swem waar jy nie die bodem kan sien nie, waar die golwe oor jou spoel en waar honderde ander swemmers agter jou, voor jou en bo-oor jou swem.

Ek dink die wind het sterk aanhou waai, totdat omtrent net voor ons moes wegspring: Wat 'n genade! Uiteindelik was dit 'n fantastiese swemdag, die wind was byna stil, die son het geskyn en die water was ook bo-verwagting skoon en nie te koud nie. Die Midmar veterane, soos die Hills, het natuurlik ver voor weggespring saam met die ander groepe ervare swemmers en soos 'n pyl op die eindpunt afgeswem. Ek het so driekwart pad deur die dam die pad ietwat byster geraak en wel in die rigting van die verkeerde wal geswem, maar gelukkig het ek my fout betyds besef en net so 100m verder geswem as wat ek moes... Uiteindelik het almal van ons goeie tye geswem en party het selfs persoonlike rekords opgestel.



Wat egter die beste van die naweek was, was die saam kuier na die tyd, waar ons saam gesels het oor die swem, saam moeg was en saam reeds begin praat het oor volgende jaar se swem. Ek het ook al gesien met ’n geleentheid waar ’n groepie van ons oor ’n naweek ’n lang afstand moes draf, hoe so iets mense nader aan mekaar kan bring. Same-pyn bring samesyn. Dit geld ook in ander gevalle. Wanneer iemand ’n kind aan die dood afgestaan het, help dit om met iemand te praat wat ook daardie uiterse pyn beleef het, al dink jy aanvanklik nie so nie. Wanneer mense saam Chemo kry en begin gesels oor hulle simptome en wat vir hulle newe-effekte gewerk het, deel ons mekaar se swaar en maak dit op ‘n manier die las ligter. Daarmee wil ek nie sê dat saam swem en kanker of dood dieselfde ding is nie, maar tog is daar vergelykbare beginsels. En dis veral wanneer iemand kies om saam met jou swaar te kry, waar mense intens naby aan mekaar kom. Ja, jou geliefde kan nie jou kanker vir jou dra nie, maar hulle dra dit saam met jou, wanneer hulle moeite doen om jou voete te vryf, jou te help opstaan wanneer jy te swak is, jou te versorg. Wanneer iemand besluit om saam met jou daardie bult uit te draf, daardie ekstra myl te swem, al hoef hulle nie. En is dit nie juis wat Jesus vir ons kom doen het nie? Kom ons doen dit dan ook vir mekaar.

Gal 6:2 ***Dra mekaar se laste en geen op dié manier uitvoering aan die wet van Christus...***

Anet Dreyer-Kruger

Die Eendedam kry bietjie liefde.

Na vele probeerslae om die krake in die eendedam te herstel het ons besluit om die knie te buig; Boomwortels 5 -herstelwerk 0. ’n Plan is prakseer om die boomwortels te fnuik, eende en skilpaaie is op vakansie gestuur en nou woeker ons kliphard om die nuwe dam te voltooi sodat ons almal weer die vreugde mag hê aan ons geliefde geveerdes, met skoon en vars water! Ons bedank almal opreg vir hul volgehoue ondersteuning en geduld, binnekort hou ons weer piekniek!

Altkroondal Trustees.



Mein Vikariat in Erfurt



Die Gemeinde


Am 13. September 2024 wies mich der Vikarskursleiter der Evangelischen Kirche in Mitteldeutschland der Kaufmannsgemeinde in Erfurt zu. Der Mentor empfing mich herzlich im Gemeindezentrum und erzählte mir von der Geschichte der Gemeinde, dem schönen alten Kirchengebäude und der Art und Weise, wie in der Gemeinde gearbeitet wird. Mir wurde schnell klar, dass die Gemeinde eine reiche Geschichte hat und das Kirchengebäude eine große Touristenattraktion ist. Einige in der Gemeinde wollten schon, dass ich regelmäßig in der Gemeinde predige und Andachten halte.

Religionsunterricht

Aber diese ersten sechs Monate waren eine Zeit für mein Schulvikariat. Im September fing ich an, am Evangelischen Ratsgymnasium in Erfurt Religion zu unterrichten. Seitdem habe ich einiges über didaktische Methoden und pädagogische Ansätze gelernt. Am wichtigsten ist aber, dass ich gelernt habe, was für eine (kleine) Rolle der Glaube im Alltag der Jugend in Deutschland spielt und wie die Jugend eine ganz andere Einstellung als die älteren Generationen hat. Im Unterricht sollte ich immer davon ausgehen, dass die Christliche Religion für die Schüler einfach eine Religion und nicht unbedingt etwas relevantes in ihrem Leben ist. Ich dachte dann, die Schüler seien auch ungläubig. Mittlerweile habe ich aber gemerkt, wie viele Schüler einfach ihren eigenen individualisierten Glauben hatten. Die Kirche und Gemeinschaft sind den Schülern einfach nicht mehr so wichtig, aber ihre Glaubenserfahrungen und ihre subjektiven Standpunkte zur Religion sind sehr wichtig.

Meine Reflektion

Auf der einen Seite bin ich sehr dankbar, hier in Deutschland zu sein. Ich sehe, wie Gott auf einer anderen Art und Weise im Leben der Menschen wirkt. Auf der anderen Seite vermisse ich die Gemeinschaft und die Beziehungen in Südafrika, die ich in Deutschland noch nicht gefunden habe. Ich bin mit vielen hier schon gut befreundet, aber ich sollte schon oft an die Gemeinden in Südafrika denken, wo ich das Gefühl hatte, dass Menschen einander wirklich in Hoffnung tragen. Ich habe natürlich kein Loadshedding hier in Deutschland und brauche nicht täglich von der Korruption in der Regierung zu hören, aber tatsächlich fällt mir oft ein, dass viele Leute in Südafrika noch, trotz der vielen Probleme, hoffnungsvoll sind. Hier in Deutschland bleibe ich auch noch hoffnungsvoll, dass Gott mich auf den richtigen Weg führt.



Tristan Krüger

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Universiteit van Pretoria-kundiges en -vrywilligers, die baanbrekers vir die eerste grootskaalse Magaliesberg-aalwynhervestiging

Skaarsplantdeskundiges van die Universiteit van Pretoria (UP) staan aan die spits van die hervestiging van duisende kritiek bedreigde Magaliesberg-aalwyne (*Aloe peglerae*)-saailinge in die natuur. Die projek, ondersteun deur die Botaniese vereniging van Suid-Afrika(BotSoc), is die eerste groot hervestigingspoging wat ’n endemiese Suid-Afrikaanse aalwynspesie behels.

Die Magaliesberg-aalwyn ’n stadiggroeiende spesie bekend vir sy skouspelagtige rooi blomme. Dit groei net op die noordelike hange van die Magaliesberge, noord van Pretoria. ’n Klein bevolking bestaan ook rondom Krugersdorp in Gauteng se Wes-Rand. Dit is as kritiek bedreig gelys nadat ’n opname in 2016 bevind het dat die totale bevolkingsgetalle binne ’n dekade met ’n geraamde 43% gedaal het, veral as gevolg van onwettige oes of uithaal van die aalwyn.

“Die Magaliesberg-aalwyn het ’n baie nou verspreidingsgebied, aangesien dit besonder goed aangepas is vir die baie warm, droë toestande wat bo-op die Magaliesberge ervaar word,” verduidelik Richard Hay, kurator van die *Future Africa Campus gardens*- en die *Future Africa Indigenous and Orphan Crops*-versameling van die Manie van der Schijff Botaniese Tuin (MvdSBG) by UP, sowel as BotSoc se Bewaringsprojekkoördineerder vir die Noordelike Streek.

Hay sê die idee is om jong plante voortdurend weer te hervestig in gebiede waar die aalwyn voorheen natuurlik gegroei het, maar nie meer voorkom nie.

“Uit historiese rekords weet ons dat hierdie aalwyn vroeër op die berg bo Mamelodi gegroei het. Niks is vandag op hierdie spesifieke plek oor nie. Ons weet dus dat deur saailinge hier in te bring, daar geen risiko is om met die genetika van bestaande wilde populasies in te meng nie,” verduidelik Hay. Sedert November 2024 is meer as 1 500 saailinge, almal so groot soos ’n R5-muntstuk, met tussenposes langs die voorheuwels van die Magaliesberge bo Mamelodi geplant.

Die gebied word bestuur deur die *Mothong African Heritage Trust*, wat deur tradisionele heler dr Ephraim Cebisa Mabena gestig is om die natuurlike plantegroei van die berg te beskerm en om met die breër gemeenskap in gesprek te tree oor die bewaring van die natuurlike omgewing.

“Die swaar reënval oor die noordelike dele van Suid-Afrika oor Desember het nie verrotting veroorsaak of op ander maniere die saailinge wat ons reeds uitgeplant het beskadig nie. Hulle lyk almal gesond,” berig Hay.



Richard Hay en Dr E C Mabena
Foto deur: Kayleigh Murray



Dit sal ongeveer 10 jaar neem voordat hierdie saailinge vir die eerste keer sal blom. Die hervestigingsproses word gelei deur die beste praktyke wat ontwikkel is deur die navorsing van Arnold Frisby, ’n PhD-kandidaat in plantkunde aan UP en kurator van sy broodbome en inheemse plantkwekery.

"Om saailinge binne hul natuurlike verspreidingsgebied in beskutte plekke te plant, byvoorbeeld langs of onder grasse, verbeter hul [kans op] oorlewing aansienlik," sê Frisby**.**

Gesprekke lei tot bewaring



Die idee agter die hervestigingsprojek het ontstaan deur aanvanklike informele gesprekke oor plantbewaring tussen Hay; Jason Sampson, Hoofkurator van die MvdSBG; en Quinton Bean en Andy de Wet, eienaars van die spesialis-kwekery *The Aloe Farm* naby Hartbeespoort, noord van Johannesburg. Die *Aloe Farm* het in Julie 2023 8 000 eenjarige Magaliesberg-aalwynsaailinge geskenk. Dit is toe oor baie maande in die kweekhuise by die Manie van der Schiff Botaniese Tuin op UP se Hatfieldkampus verpleeg deur UP-personeellede, vrywilligers van BotSoc en die Johannesburgse *Succulent Society* en interne van die Tshwane Universiteit van Tegnologie. Baie van hierdie spanlede het later gehelp om die saailinge bo Mamelodi te herplant.

Dr Martina Treurnicht, BotSoc se nasionale bewaringsprojekbestuurder, sê die projekspan is geïnspireer deur die voorbeeld wat gestel word deur ander Suid-Afrikaanse plant hervestigings-projekte ter ondersteuning van die oorlewing en voortbestaan van krities bedreigde spesies, soos die Clanwilliam-sederboom en Kaapstad se *Erica verticillata*. "Burgerwetenskap (*Citizen science*) en vrywillige betrokkenheid is deurslaggewend vir die sukses van programme wat daarop gemik is om die voortbestaan en volharding van spesies te verseker," sê dr Treurnicht. “Vrywilligers speel ’n sleutelrol in praktiese bewaring, van plantinisiatiewe tot bewusmaking in plaaslike gemeenskappe – en dit is wonderlik om te sien hoe mense vir hierdie doel saamwerk. Gesamentlik versterk hierdie pogings



bewaringsaksies, ondersteun biodiversiteit en help om spesieverlies te voorkom, wat van kritieke belang is in die huidige biodiversiteitskrisis waar baie plantspesies voortdurende agteruitgang in die natuur ondervind."
Oor *The Aloe Farm* se betrokkenheid by die projek sê Bean: "Ons glo sterk in bewaring deur voortplanting. Die behoud van spesie-diversiteit is belangrik. Dit is die regte ding om te doen."

Uitsterfrisiko

"*Aloe peglerae* is op die kritiek bedreigde spesies se Rooi Lys as gevolg van, byna uitsluitlik, onwettige versameling, eerder as die impak van versteuring of ontwikkeling," voeg De Wet by. Ongelukkig vaar dié aalwyne selde goed as 'n tuinplant, aangesien mense geneig is om hulle te oorwater of in gebiede te plant wat nie optimaal is vir hul ontwikkeling nie.
"Vanuit 'n bewaringsperspektief is die plante 'n baie belangrike bron van voedsel vir diere van die Magaliesberge gedurende die winter, wanneer daar nie veel anders blom nie. Bygesê, wanneer volwasse plante uit die reeds klein bestaande populasies verwyder word, ontwrig dit die generasie versameling van die spesie heeltemal," merk Hay op. "Ek glo dat alle spesies wat deel van Suid-Afrika se belangrike natuurlike erfenis is, bestaansreg het, ongeag hul voordele vir ons of nie. Hulle bestaan op dieselfde manier as ons. Dit is werklik ons plig as Suid-Afrikaners om hulle te beskerm en trots op hulle te wees."

Die pad vorentoe


Alle saailinge wat nog nie teen einde Februarie uitgeplant is nie, is tydelik na die dakke van UP se *Future Africa*-kampus geskuif.
"Daar kan hulle tot volgende somer in die son bak, soos in hul habitat. Dis meer in lyn met hul toekomstige groeiwyse en nader aan hul natuurlike groei. Dit sal taai weefsel help ontwikkel en sodoende weerstand verhoog teen aalwynkanker wat deur mytinfeksies veroorsaak word," verduidelik Hay.
Groter plante wat Frisby as deel van sy PhD-navorsing gekweek het, sal in die *Future Africa*-tuine geplant word. Dié kan binne agt jaar blom. Saad wat van hierdie nuwe satellietpopulasie versamel word, vir pogings om die spesie voortdurend in gebiede terug te bring waar dit uitgewis word, sal help om bevolkings van verskillende ouderdomme te vestig.




Aloe Peglarae in blom
Foto: Kayleigh Murray


Hartbeespoortdam vier vanjaar sy 100ste bestaansjaar

"Saartjie Klipkop"(**Facebook**-geskiedenisblad) deel 'n paar feite oor die dam: Generaal Hendrik Schoeman het 'n plaas met die naam Hartbeespoort besit. Hy het oorspronklik hierdie dam die Sophia genoem, na sy vrou – maar die naam is later na Hartbeespoortdam verander. Destyds het dit 'n verbasingwekkende R10 000 gekos om die damwal om te bou.





'n Sweedse man met die naam August Karlson is gehuur om die bouwerk te ontwerp. Weens finansiële probleme en die begin van oorlog, het konstruksie egter kort daarna tot stilstand gekom. Die bouwerk is weer in 1918 hervat. Gedurende 1921 het stortreën die tydelike dam weggespoel en die bouwerk het weer tot stilstand gekom. Uit pure frustrasie het Karlson uit sy pos bedank en die raad het 'n jong, maar talentvolle ingenieur genaamd F.W. Scott aangestel. Toe die dam uiteindelik gebou is, is die eerste pad oor die brug geteer. Dit het die nuwe pad tussen Pretoria en Rustenburg geword.





Die Triomf-boog

Die Triomf-boog aan die westekant van die dam is iets besonders en nêrens anders op 'n damwal in Suid-Afrika te vinde nie. Die boog is amper 'n kopie van die algemene Romeinse oorwinningsboë met ooreenkomste van die *Arc de Triomphe* in Parys. Die boog simboliseer dat die stryd vir die ontstaan van die dam, en die stryd teen armoede, met oorwinning beloon is. Dit is ook 'n herhaling van die dam se boogvorm, wat die vorm van die Uniegebou herhaal, wat voltooi is net voor die dam gebou is.

Ander feite oor die dam

• Hartbeespoort bestaan uit 'n aantal kleiner gemeenskappe: Meerhof, Ifafi, Melodie, Schoemansville en Kosmos.

• Schoemansville is die oudste woonbuurt van Hartbeespoort en is vernoem na generaal Hendrik Schoeman, 'n Boeregeneraal in die Anglo-Boereoorlog en oorspronklike eienaar van die plaas waarop die Hartbeespoortdam gebou is.

• Hierdie “poort” in die Magaliesberge was ’n bekende plek waar jagters die hartebeeste geskiet het.
• Ongeveer 250 000 sakke sement is vir die bou van die damwal gebruik.
• Teen volle kapasiteit vul die dam tot 205 miljoen kubieke meter water.
• Die damwal is 149,5 m lank en 59,4 m hoog, en gebou oor ’n kloof wat deur die Magaliesberg-bergreeks sny.
Bykomende bronne: **Hartbeespoortonline** en **Boaters World Adventures**.
Geskiedkundige foto’s van toe die damwal gebou is,
asook foto’s van motoriste wat destyds die damwal oorgesteek het:
SAARTJIE KLIPKOP.






Die Route des „Om Die Dam“ Marathon musste in diesem Jahr wegen "roadworks" verlegt werden und wurde somit ein Saartjies Nek Marathon. Der Legende nach, ist Saartjie eine böse Hexe, die es Allen schwer macht, den Nek zu überqueren und sie gab ihr Bestes, uns den Weg nicht leicht zu machen. Brigitte Weidemann, Werner Weidemann, Thomas Wenhold, Heidrun Wenhold, Rene Lloyd, Luise Behrens, Isabel Prins und Charlene Wenhold (mit Rene und Isabel aus der Gegend) haben sich, mit 4000 anderen Athleten nicht einschüchtern lassen. Teil so einer Masse Menschen zu sein, die alle das gleiche Ziel vor Augen haben, bleibt ein beindruckendes Erlebnis. **Die Ehre gebührt unserem Schöpfer, der uns mit Gesundheit begnadet, zu laufen.**

Kinderseite

Bringe die Osterbilder in die richtige Reihenfolge!

Zur Bibel: Markus 11,1-10 / Lukas 19,39-40 und Johannes 19,17 / Markus 15,25-26 / Markus 15,37-41 sowie Matthäus 28,1-10



Beitragsordnung für die Gemeinde Kroondal

- Es wird von jedem Mitglied älter als 18 und jünger als 80 erwartet, einen Beitrag zu machen, aber jede Person entscheidet selbst entsprechend ihren finanziellen Möglichkeiten, wie viel sie bereit ist, zu geben. Bitte denkt daran, dass wir einen Haushaltsplan von R1,410,000.00 pro Jahr haben.
- Der Beitrag kann jährlich, monatlich oder wie es jedem passt, gemacht werden.
- Zahlungen können mit Bargeld oder elektronisch als Snap Scan oder per EFT gemacht werden. Bitte vergewissert euch, dass ihr den richtigen Verweis angebt.
- *Daar word van elke lidmaat bo 18 jaar en onder 80 jaar verwag om 'n bydrae te lewer, maar elkeen bepaal self volgens sy finansiële vermoë hoeveel hy/sy bereid is om by te dra. Hou asseblief net in gedagte dat ons 'n begroting van R1,410,000.00 het om jaarliks te laat klop.*
- *Die bydrae kan jaarliks, maandeliks of net soos dit vir elkeen gemaklik is, betaal word.*
- *Betalings kan per kontant of elektronies per Snap Scan of EFT betaal word. Verseker asseblief dat 'n korrekte verwysing verskaf word.*

Bankbesonderhede vir elektroniese oordrag na gemeenterekening:

Rekeninghouer: D.E.L.G.K.
Eerste Nasionale Bank Waterfall Mall
Takkode: 258 055
Rekening No.: 6136 000 0669
Verwysing: Wysig asseblief soos benodig-

- **Jou naam** vir 'n **gemeentebydrae**
- **Dankoffer** vir 'n erediens-kollekte
- **Projeknaam** vir 'n spesifieke projek

Oordrag met Snap Scan

Stuur asseblief bewys van betaling aan:
accounts.delgk@kroondal.org.za

Dankeschön

Ons sê dankie vir elke bydrae, hoe groot of hoe klein ookal.

Kontak Gerda von Zwietring by 082 326 3668 vir enige navrae.

Lasst uns das Leben feiern!

Denn:
Das Licht
hat die Nacht
überwunden.
Die Freude
hat die Traurigkeit
verjagt.
Die Liebe
war stärker
als der Hass.
Das Leben
hat den Tod
besiegt.

Gisela Baltes

Frohe Ostern!